

## SARS PERSVERKLARING

**Tshwane, 2 Augustus 2023 –** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis van die stelling deur mnr. Julius Malema by die onlangse perskonferensie van die Ekonomiese Vryheidsvegters (EFF). Die stelling beweer dat daar ‘n ontmoeting tussen President Cyril Ramaphosa en SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter was waar President Ramaphosa instruksie aan Kommissaris Kieswetter gegee het om die belastingsake van diegene wat die EFF se galageleenheid op 27 Julie 2023 bygewoon en geborg het te ondersoek.

Vandag se stelling is voorafgegaan deur die stelling wat mnr. Malema Saterdag by die EFF se saamtrek gemaak het dat SARS sy familie teister met die doel om enigiets onwettigs teen hom te vind om onheilspellende redes.

SARS lewer, as ‘n reël, nie kommentaar op stellings wat oor hulle gemaak word in die ryk van politieke partye nie. SARS is egter hierdie keer verplig om ‘n reaksie uit te reik. SARS ontken kategorieë en ten sterkste dat enige sodanige ontmoeting tussen President Ramaphosa en Kommissaris Kieswetter plaasgevind het.

Kommissaris Kieswetter het op menige geleenthede dit duidelik gemaak dat indien daar ooit enige onnodige invloed op sy werk is, of indien hy ooit onwettige instruksies deur enige politikus gegee sou word, hy dadelik eerder sy posisie sou bedank as om sy ampsdiening te ondermyn. Kommissaris Kieswetter het meedoënloos gewerk om SARS te herbou nadat dit deur individue hergebruik is om by te dra tot die korrupte doel van staatskaping. Hy sal daarom eerder werk om die harde werk van die meer as 12 500 werknemers te beskerm, as om ag te slaan op onwettige versoeke. Hy het ook op menige geleenthede gewaarsku dat enige SARS-werknemer wat instruksies neem van, of met enige belastingpligtige saamsweer, die wet oortree en afdanking in die gesig staar.

SARS herinner alle wetsgehoorsame burgers van die lewensbelangrike rol wat die inkomste-owerheid in die land se sake speel deur die invordering van inkomste om ‘n bekwame staat te bou wat hoofuitdagings soos armoede, werkloosheid en ongelykheid kan aanspreek en die welstand van alle Suid-Afrikaners kan bevorder. SARS vra dus van alle Suid-Afrikaners om hulle te weerhou van die beswaddering van diebeeld van hierdie belangrike instansie wat kritis is vir die instandhouding en ondersteuning van ons demokrasie. SARS voer sy werk wettig en sonder aansiens des persoons uit. Enige lid van die publiek wat bewus word van SARS-werknemers wat buite die bestek van die wet optree, word genooi om dit aan die SARS-bedroglyn te rapporteer, of direk aan die Kantoor van die Kommissaris by [ooc@sars.gov.za](mailto:ooc@sars.gov.za).

Vir die toekomstige welvaart van ons land, is dit fundamenteel ononderhandelbaar dat instansies, wat ons burgers dien en ‘n grondwetlike maandaat uitvoer, gelos word om hulle werk sonder onnodige politieke inmenging te doen.

Vir meer inligting, kontak SARS by [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).